

**Donderdag 9 November**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-17 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:16**

**Ons verhouding met 'n ongelowige regering: Vry om te wat?**

“Leef as vry mense – nie soos hulle wat vryheid as dekmantel vir die kwaad beskou nie, maar as diensknegte van God” (1 Pet. 2:16). In hierdie gedeelte word vier destydse politieke en regsterme vir mense gebruik, naamlik “bywoners en vreemdelinge” (vs 11) en “vry mense” en “slawe”(vs 16), maar met 'n geloofsbetekenis. In God se koninkryk is ons nie bywoners nie, maar erfgename; nie vreemdelinge nie, maar burgers. Ons is deur Christus vrygemaak van verslawing deur die wet om vrywillig as slawe van God sy wil te doen.

“A Christian is a perfectly free lord of all subject to none. A Christian is a perfectly dutiful servant of all, subject to all” (*The freedom of a Christian*. 1520. Martin Luther. Verw: *The International Dictionary of New Testament Theology* 1971 vol 1, p 720). Die vryheid wat ons in Christus het om selfs met 'n ongelowige owerheid of gesagspersoon saam te werk, is slegs moontlik solank ons dit doen as die deur Christus vrygekoopte slawe van God wat onder leiding van sy Gees dit ter wille van Christus doen.

Deur goed te doen, en nie kwaad nie, sal ons hulle aanmoedig om aan Hom die eer te gee.

*Sing Skrifberyming 1-2:1-3 (Lied 202)*

*Ds. JA Schutte (Johan) (emeritus)*